

ontstaan weens my”, hy het sy hande so gewiel-wiel, “my... versuim met die Waarheidskommissie.”

“Jou versuim.”

“In my regte lewe is ek ’n joernalis. Op ’n kol, net na al die treinaanvalle en die onluste in die townships, het ek ’n onderhoud met my broer gevoer.”

“Hoekom?”

“O, skuus, hy is ook ’n joernalis, moes ek verduidelik het. Dis my probleem, ook as skrywer, ek sê goed net half.”

“Die Write Broers.”

Weer daardie laggie.

“Waaroor was die onderhoud?”

“Wel, hy was ’n ooggetuie van sekere optredes van die polisie.”

Hy het afwagting na my gekyk, maar ek het stilgebly. Wat wou hy hê, dat ek hom moet gelukwens?

“Wel, ek het die onderhoud met hom gedoen en dit getranskribeer, en toe, wel...”

“Ja?”

“Ek het vergeet daarvan.”

“Jy het vergeet daarvan.”

“Ja. Jy weet daar was so baie goed aan die gang, en die onderhoud was te lank vir gebruik in koerante, en dit was ’n bietjie uitgerek. ’n Bietjie te deeglik.”

Daar het ’n lig opgegaan.

“So nou wil jy dit weer op rekord hê. Terug in die openbare debat. Al is dit net in ’n roman.”

“Ek weet nie wat ek wil hê nie. Dis net die regte materiaal vir die Waarheidskommissie. Maar toe ek wel weer daarvan onthou, was die Waarheidskommissie se termyn verby. Die sessies wat aan die media gewy is, altans. Ek was op vakansie.”

“Dis nou 1993. Die Waarheidskommissie kom nog.”

“Ja wel, as die skrywer is ek geregtig op ’n bietjie suspension of disbelief,” het hy ongeduldig gesê. “Of sien dit dan as science fiction.”

“Die media? Ek dog dit het oor die polisie gegaan.”

“Wel, dit sou gewys het hoe die media en die polisie soms kop in een mus is. Hoe hulle albei chaos skep.”

“En toe kom jy met hierdie omslagtige plan om ’n roman daarvan te maak, sodat mense dit weer sal lees.”

Hy het erg verleë gelyk. “So iets ja. Maar toe loop dinge skeef, jy weet, die hoofkarakter het nie so lekker uitgedraai nie.”

“Look who’s talking!”

“Nee, nee, ek bedoel nie om persoonlik te wees nie, maar jy sal saamstem jy’s nou nie juis... John Travolta, of Mel Gibson nie.”

Ek het hom nie daarvoor aangevat nie. Ek weet mos ek ly aan hallusinasies; dis heel moontlik dat ek myself hallusineer, is dit nie? Buitendien, hier was ’n geleentheid om uit die raaisel te kom: As dit ’n regte onderhoud is, oor dinge wat regtig gebeur het, kan dit my net groter vastigheid gee indien ek wel ’n hallusinasie is. Eintlik my enigste kans.

Ons het die makings van ’n kompromie gehad. Hans kon sy onderhoud iewers gepubliseer kry om sy gewete te stil, maar vir my kon dit dalk help om mense van my bestaan te oortuig, sou dit op die ou end nodig wees. Dit het my ’n plan gegee.

“Die media, né?”

Hy het sy skouers opgehaal.

“Wel, vir my begin dinge by die comics. Dis my Square One.”

Ek het die eksemplare voor ons uitgesprei. Op my instruksies het ons hulle almal oopgemaak by Clark Kent, die misdaadverslaggewer. Ek het hom vertel van die Bizarre Mall-mannetjie se opmerking.

Hy het sy notaboekie opgediep en voorgelees: “Kyk hierdie jas. Dis ’n flasher se jas, man. Superman probeer iets wegsteek.”

DIE MEDIA wat goed wegsteek... dit was ’n moerse deurbraak. Alles kom terug na Clark Kent toe. Die totale nerd, altyd met ’n jas aan, altyd in die agtergrond, altyd so onopmerklik as moontlik.

Hy was heel duidelik ’n spesiale soort misdaadverslaggewer. Waar ander verslaggewers misdaad net sien as ’n trap op die leer boontoe, is Clark Kent al ’n ou hand, al is hy nog so jonk. Hy is die gebore prulskrywer, ewig op die punt om ’n sleazeball te word met sy donkerbril en body building.

Eintlik was hierdie vermommings storie ’n groot verneukspul, het ek gaandeweg besef terwyl ek deur die comics blaai. Want daar sal altyd ’n raampie of twee, drie wees wat wys hoe alombekend en alombemind Superman is. Sy lewe en wedervaringe word nougeset gevolg en daar is selfs ’n museum met memento’s van elke nuwe avontuur feitlik nog voor dit verby is – kitskitschgeskiedenis.

Maar dis nie al nie. So belangrik is bemarking vir hom dat hy ’n hele regiment Superman-replikas vanuit sy Fort van Afsondering die wêreld ingestuur het. Amptelik is dit om hom met petty crimes by te staan, maar eintlik moes hulle optree by winkelsentrums, atletiekbyeenkomste, brandwere se kattereddingsgelukwensingsdae, by

vuurvaste veiligheidskonferensies, vlooiemarkte ten bate van hondeskole, polisiepensioenfondse se penklubjaarvergaderingperskonferensies...

Wat natuurlik tot misverstande lei.

Kyk na Superman No 402 van Desember 1984:

Iewers in die toekoms ontsnap 'n gevangene uit 'n gestig vir skisofrene en vlug terug na die aarde in 'n tydmasjien. Want hy het hom verbeel hy is Superman, en het begin blou leotards en rooi onderbroeke dra.

Terug in die hede help 'n goedgeelowige joernalis hom om weg te kruip in die Superman-museum, waar almal dink hy is net nog 'n Superman-robot. Naderhand neem sy paranoia oor, en hy slaan sy eie museum uitmekaar. Hy hou net op wanneer die joernalis dreig om 'n replika van sy geboorteplaneet, wat hy dink die ware een is, te vernietig.

Dit skep genoeg tyd vir die regte Superman om uit die bloute neer te sak en hom binne sekondes kort en klaar te bliksem...

DIS TOE dat dit my tref, vir die soveelste keer dog steeds so skielik soos 'n donderslag, soos die regter gesê het oor die generaal wat die gif vir die comrade aan die kaptein gegee het ... Clark Kent steek nie weg dat hy Superman is nie. Superman steek weg dat hy Clark Kent is. Die man oor wie eintlik min geskryf word.

Dis Superman wat die kollig steel in die een spektakel van 'n manewale na die ander, sodat Clark Kent ewig ongesiens bly, altyd in die skadus, anoniem. Die amptelike weergawe is dat Clark Kent as vermomming gekies het om toegang tot die sentrum van die nuus te kry, sodat hy dadelik kan weet waar hy nodig is. Maar dit gaan

nie op nie, met sy spesiale vermoëns is inligting tog nie 'n probleem nie; it's there for the taking, hy kan enige tyd 'n gat in 'n muur slaan en 'n kluis, 'n liasseerkabinet of 'n rekenaarstelsel wegdra.

Nee, Superman wil hê mense moenie te veel onthou dat hy, afgesien van Superman, 'n joernalis ook is nie. En dat daar honderde van hom dwarsdeur die media is nie... Want as daar 'n hele regiment Superman-klone is, waarom sal daar nie 'n hele regiment Clark Kents ook wees nie?

Sekerlik is een van al hierdie Clark Kents se take om te sorg dat Superman in die nuus bly, dat almal van al sy dade en dinge weet. Maar hul hoofsaak is om gewoon joernaliste te wees, mense wat die wêreld se kommunikasiewese beheer. Bloot deur chaos te skep. Bloot deur te skryf oor die jongste gerugte.

Met die inherente chaos van skrif as hul vernaamste wapen.

Elke dag fabriseer die media in mense se voorkamers die illusie dat die chaos daarbuite onder beheer is, in so 'n mate dat chaos entertainment geword het, wat jy na willekeur kan aan- en afskakel. Dit het al so ingeburger geraak dat mense geweld en oorlog nou vir hul daaglikse neurotiese fix nodig het.

Die gevierkante chaos van die TV-stel en die oggendkoerant – en binne die vierkante van die Superman-strokies – kan hulle laat voel: Kyk hoe gelukkig is ek, hoe vreedsaam is dit nie hier by my nie.

Hiervandaan is dit net 'n klein treetjie om die chaos self te skep. Want na wie hardloop die mense in tye van chaos? Na die handhawers van wet en orde, natuurlik. Superman. Op dié manier kry hy, die weeskind uit die ruimte, die liefde waarna hy so smag.

HANS HET nie baie geesdriftig gelyk nie, maar het maar sy kop geknik. Wat kon hy doen? Ons het ons kompromie 'n ekstra klousule gegee: Ons sou sy volledige onderhoud plaas, met genoeg waarskuwende aanduidings aan die leser van waar dit dalk vervelig mag raak.

Net om seker te maak ons word nie gedagvaar vir laster nie, het ek daarop aangedring dat ons die name van mense en regspersoonlikhede verander, of heeltemal weglaat.

Nota, weereens van die desperate uitgewer: Op my aandrang het die ontwerper sekere dele van hierdie lang onderhoud **in vet letters gesit**. Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor die leser, wat nie die tyd kan bekostig om uit te pluus wat aangaan om hom nie. Per slot van sake is dit die bottom line wat tel, en ek is bevrees as ons die leser nie help hier nie, gaan die boek nie verkoop nie, en wat help dit dan in elk geval, afgesien van die geld wat verloor word. Ek weet dis 'n tydsdokument en alles, maar ek het kinders om deur universiteit te sit, en die aandelemark, wel Ons moet die geskiedenis onthou, maar darem op so 'n manier dat dit verbruikersvriendelik is, anders sal ons dit in elk geval vergeet. Ek kon die skrywer nie oorreed om die ding drasties te verkort nie, want hy beweer 'n mens het elke antwoord in sy volledigheid nodig om die ondervraagde se perspektief behoorlik te kan verstaan. Hy het wel enkele paragrawe laat wegval, wat aangedui is met 'n Ek hoop dat die leser hierdie stappe sal aanvaar in die gees van kompromie wat maar die basis van die lewe moet wees, issit nie? Ek vra u dus mooi, as u nie kans sien vir die hele ding nie, om minstens **die vetgedrukte dele te lees**, anders het u hierdie boek verniet gekoop. Ek kan ongelukkig nie ontevrede lesers se geld teruggee nie. Al wat ek kan voorstel is dat die boek aan iemand anders verkoop word, dan kan die leser darem 'n bietjie geld terugkry, en miskien is daar selfs belastingimplikasies, hoewel om dit uit te pluus sal nou weer 'n finansiële raadgewer benodig, wat natuurlik nog meer geld sal kos.

Tee en koekies

WAT HET jou laat besluit om 'n joernalis te word?

Op skool het ek opstelle baie geniet, en ja, dit was vir my 'n manier om by mense uit te kom.

So jy het nie die joernalistiek ingegaan omdat jy 'n bepaalde politieke doelwit wou bereik nie.

Nee, glad nie. Dit was 'n kwessie van daar was baie onderdrukking gewees, **mense het nie geweet wat gaan aan in die wêreld nie**, hulle het nie geweet wat gaan in hulle eie land nie.

So jy het nou by ☺☺☺☺☺☺ begin. Maar ☺☺☺☺☺☺ is 'n regeringskoerant.

Dit was die enigste plek waar ek werk kon kry.

Jy het seker nou maar onder begin?

Ja, heel onder (*lag*). Kadet-verslaggewer, begin maar met onderskrifte vir foto's en ek het allerhande klein storiëtjies gedoen.

En toe stuur hulle jou in die townships in?

Toe ek begin het... ek het op 1 Februarie begin. En die 2de Februarie was natuurlik... toe die ANC ontban word en so aan.

Sou jy sê dat een van die redes vir die gebrekkige kennis

van die wêreld was dat hulle misdaadverslaggewers in die townships ingestuur het pleks van politieke verslaggewers?

Party van die misdaadverslaggewers was nie dom nie, hulle kon ook politiese goed in 'n sin geskryf het, hulle het ook gesien wat gebeur het daar, **ons het baie onder mekaar gepraat daarvan**. Die enigste probleem was dat hulle is meestal... het soort van meer regse oortuigings gehad. Die politiese ouens, ek dink nie dit sou enige doel gedien het om hulle in te stuur nie, want ... **hulle skryf volgens 'n sekere lyn en wat hulle ook al in die townships sou gesien het sou hulle ... hulle maar net aanpas by hulle lyn**.

OK. So vertel van jou eerste paar trips in die townships.

OK, omtrent hierso so, wanneer was dit, omtrent so April, Mei, **toe kon 'n mens sien dat as gevolg van die feit dat die ANC ontban was, was alles baie meer oop**. Toe't 'n mens die eerste begin sien dat AK-47's word baie meer genoem in berigte, hetsy in die townships of in rooftogte.

(In die verlede het die koerant voldoen aan die versoek van die veiligheidsmagte om nie sulke wapens in berigte te identifiseer nie, want dit sou die moreel van die bevolking afkraak.)

Die eerste keer toe ek ingegaan het, ek probeer onthou, was in Kagiso. Kagiso is 'n klein township naby Krugersdorp. Daar was groot probleme tussen die hostelbewoners wat Inkatha-mense was, en die inwoners van Kagiso self. **'n Mens kon toe al duidelik sien wat die skeidslyne was, die hostelbewoners teen die inwoners**. 'n Mens kon sien daar was geweldig baie spanning, en dat

dit net 'n kwessie van tyd was voordat dit sou uitbars.

Toe het ek teruggegaan en 'n berig geskryf, wel, hulle het 'n kop bokant die berig gesit: *Burgeroorlog dreig*. Ek het dit nou nie eintlik in daai sin bedoel nie, ek kan nie onthou presies wat ek gesê het nie, maar dit was iets tot dié effek...

Maar dit was nou nie so erg nie.

Dit was nog nie so erg nie. 'n Mens het gedink en gehoop miskien kon, ja, wie ook al kon nog die spanning ontlont, of iets doen aan die hostelle. **Dit was baie duidelik vir my die hostelle was die probleem gewees.**

Het dit jou verbaas dat niemand eintlik regtig belangstel om iets te doen aan die hostelle nie?

Ja, soos toe die volgende keer toe dit werklik uitgebars het was in Thokoza, waar daar omtrent drie of vier groot hostelle wat weer eens ook Inkatha-hostelle was... **Die mense wat nie Inkatha was nie is uit die hostelle gedryf.** En daar kon 'n mens sien die hostelle is besig om die brandpunt te word.

Maar die owerhede het nie belang gestel om iets binne die hostelle te doen nie?

Wel, nie wat ons kon sien nie. Ek was een keer in 'n hostel in Thokoza self gewees reg langs die Phola Park-plakkerkamp. Vroëer die oggend was daar 'n raid deur die polisie gewees **kwansuis om wapens te kry en die plek te ontwapen.** Ons het die middag daar ingegaan en ek het minstens sewe mense gesien en **minstens vyf van hulle was gewapen gewees.**

Sou jy sê daar was diskriminasie in die sin dat hulle die

Inkatha-mense nie ontwapen het nie maar wel die ander mense, die inwoners?

Jaa, een stadium het hulle in Phola Park ook 'n raid gehou en ek het gesien hoe hulle tekere gaan in die plakkerskamp... Hulle het net ingegaan in die kamp en deure afgebreek en mense wat by die werk was, mense het sulke klein plakkershuisies, hulle het heel duidelik nie baie geld of enigiets nie, en hierdie ouens het net inbeweeg en as hulle 'n deur toegesluit gekry het, het hulle dit net afgebreek, sonder enige seremonie of enigiets. Maar OK, hulle moet seker hulle werk doen, maar soos dit op daardie stadium gelyk het, was die probleem nie in die plakkerskamp nie, dit was in die hostelle.

Phola Park was natuurlik een van die eerste groot brandpunte. Vertel 'n bietjie hoe het die situasie ontwikkel.

... Phola Park en die hostel se inwoners het, volgens wat mense vir my vertel het, nog altyd goed oor die weg gekom... behalwe nou vir die gewone kriminele probleempies van tyd tot tyd. Toe een aand het 'n inwoner van Phola Park 'n inwoner van die hostel doodgeskiet of doodgesteek tydens een van hierdie dobbelspeletjies. Die hostelinwoners het toe 'n reenge-aanval op die Phola Park-kamp uitgevoer... En toe het dit om die een of ander rede net ontplof.

In wedersydse aanvalle.

Nee, nee ... iets het in die hostel gebeur dat daar het toe 'n definitiewe strategie geloods is om nou te begin aanval, om nou 'n magsbasis of wat ook al te vestig in die hostel, en hulle moes eerstens die mense wat goed oor die weg kom met die plakkerskamp se mense, moes hulle uit

die weg ruim. En daarna moes hulle 'n skrikbewind begin voer in die plakkerskamp self.

...

En bloot die feit dat die Inkatha-mense kon sien die polisie se simpatieë lê by hulle het hulle aangespoor.

Ja, ja. Na 'n ruk kon hulle in die hoofstraat afbeweeg met hulle tradisionele wapens, **en die polisie sou hulle begelei het, hulle sou hulle nie probeer stop of hulle in 'n sekere area in kry nie.** En van die polisiemanne het al gesê en hulle is op rekord, dat hulle gesê het dat dit gevaarlik was om die ouens te ontwapen.

Wat dink jy van daai stelling?

Wat myns insiens belaglik was. Want dit was in die eerste plek **die polisie wat gesê het hoe hulle die mense in die hostelle ontwapen het, en nou ewe skielik kom hulle uit in groot getalle en hulle loop daar rond met hulle wapens.** So dis heeltemal 'n smokescreen.

OK, nou vertel van die dag toe jy afgekom het op 'n klomp jeugdiges wat besig was om 'n man te verbrand. In watter stadium was dit?

Dit was omtrent middel Augustus gewees... en op daardie stadium was daar al 'n paar honderd mense dood. Ons het die middag in die kamp in Thokoza rondgery. Phola Park was ... redelik stillerig. Die geweld het ... al versprei oral oor Thokoza, Katlehong, Vosloorus... Ons het bietjie rondgery, ons was na die Rooms-Katolieke Kerk in Thokoza, ons het bietjie daar met mense gepraat, baie vrouens en kinders wat soontoe gevlug het.

Die middag omtrent so vyfuur is ons weer terug

Phola Park toe om te kyk wat daar aangaan. Op pad soontoe het ons mense sien rondhardloop en al die inwoners in die strate het ... in een rigting gekyk. Ons het gestop en ek het vir die fotograaf gesê hy moet solank sy langlense uitkry ingeval daar iets gebeur. Ons kon nie behoorlik sien nie, want die gras was redelik hoog, omtrent so 'n meter en 'n half hoog.

Toe het ek besluit om om die veld te ry, na die agterkant, hopelik kon ons iets van daar af sien. En toe ons aan die bokant kom, het ons 'n klomp jeugdiges gesien wat iemand jaag... Ons het toe 'n entjie nader kom, het ons hierdie ou gesien brand. **Eers het ons gedink dis die veld wat brand, maar toe dit opstaan, en die ou begin rondhardloop terwyl hy brand, ja, toe het ons onmiddellik ingejaag en die vlamme probeer blus.**

Het jy bestuur?

Ja, 'n werkskar. Robbie, die fotograaf het die hele tyd foto's geneem. En saam met my was daar 'n Sapa-joernalis, Raphael Banda, en ons het die vlamme uitgekry. Die ouens wat hom aangeval het, wat ek nie weet wie dit was nie, het... eee... teen daai tyd al verdwyn, en al wat toe oorgebly het was net die inwoners wat net soort van so 'n honderd meter van ons rondom ons gestaan en kyk het. Toe't ons 'n ruk daar gewag, 'n Casspir het op die pad verby gery, maar ons nie gesien nie, ons het geskree en ons arms gewaai. Toe het ek in die kar gespring en Phola Park toe gejaag, toe was daar een polisieman daar in 'n bakkie, en hy het ons toe onmiddellik gevolg.

En toe?

Wel, toe het die oorsese pers natuurlik opgedaag,

met hulle videokameras en so aan. Toe is ek terug kantoor toe. By die kantoor het hulle al klaar gewees, omdat Raphael dit al klaar oor sy telefoon deurgestuur het Sapa toe, en hulle het klaar gesê twee joernaliste het, ja, 'n man probeer red. **Toe's daar by die kantoor vir my aangesê om 'n persoonlike berig te skryf oor hoe ek dit ervaar het, hoe ek dit gesien het. En toe die foto's nou uitgekome het, is daar nou beraadslaag of hulle die foto's sou plaas of nie... (dis 'n) gesinskoerant**, bla, bla, bla... ja, en ek het maar net voortgegaan om my berig te skryf. Hulle het dit heelwat gesny.

Is jy ontevrede met die snitte wat hulle aangebring het?

Ja, want ek het dit geskryf in 'n sekere... op die uiteinde het die berig uitgekome asof ek hierdie wit outjie wat nou vir die eerste keer uit 'n wit suburb in 'n swart suburb beland het, en dat ek soort van ek kan nie glo wat hier gebeur nie, dat die mense so barbaars kan wees nie...

En dis nie hoe jy gevoel het nie.

Nee, dis nie hoe ek gevoel het nie. Obviously was ek nou al baie in die townships gewees en in die tweede plek sien ek myself nie as 'n wit outjie in 'n wit suburb nie. Ek kom goed oor die weg met die mense in die townships wat ek ken, en ek sien hulle nie as barbaars nie. Maar ek besef daar is 'n oorlog aan die gang. Hy was maar 'n ongeval van die oorlog. ...

Jy kry toe nou wat hulle noem 'n picture byline op die voorblad, wat 'n taamlieke rare ding is.

Ja ... en toe kry ek 'n oproep van †††††††††† ('n assistent-redakteur), waarin hy my, ja, nie kan ophou

om my geluk te wens oor die telefoon nie. Hy sê vir my ek het geskiedenis gemaak vandag. Ek weet nou nog nie watse geskiedenis dit was nie, maar in elk geval... Toe ek by die kantoor aankom, ja, almal wens mens net geluk, en ee, ja.

Hulle het jou geluk gewens met wat hulle gedink het is 'n heldedaad.

Ja, dit was, ja, soos later het 🚗🚗🚗🚗🚗🚗 📺📺📺📺📺📺 (die nuusredakteur) vir my kom sê dat ons name is gestuur na F.W. (de Klerk) om vir Wollie Woltemade (die medalje vir dapperheid) in aanmerking te kom. Ons het nou blykbaar 'n groot ding gedoen, wat ek persoonlik nie eintlik dink so is nie. Ja, ... vandat ek die foto-bylyn gekry het, ja, toe't mense se beskouing van my 'n bietjie verander...

Het jy jouself as 'n hero gesien?

Nee, glad nie, dis hoekom toe 🚗🚗🚗🚗🚗🚗 vir my sê van die Wollie Woltemade... toe het ek gelag, toe het ek ook vir hom gesê moet nou nie belaglik wees nie. Enigiemand sou dit gedoen het. In elk geval, **wat vir my meer van 'n dinges was, was dat die berig wat geskryf het was nie presies soos ek dit wou gehad het nie.** Dit was maar eintlik van die hele episode...

Het van die ander base jou geluk gewens?

... na so 'n week was daar die kennisgewingbord van die redaksie, het daar 'n brief van 📄📄📄📄📄📄 (die groep besturende direkteur) wat hulle nou op die kennisgewingbord gesit het waarin hy ons nou gelukwens met joernalistiek uit die boonste rakke, en bla, bla, bla. Dit was van die redaksiekant af die enigste...

Ja, wel, ek dink dit sê iets, want hy is mos die heel top ou. OK, en toe... het jy ook die gevoel gekry die nuusredakteur was gretig dat jy meer in die townships gaan en meer sulke stories kry?

Ja, 🚗🚗🚗🚗🚗 was op daai stadium op verlof gewees, maar hy het my ook die oggend gebel en gesê, ja hy het met vreugde die koerant oopgemaak en... Ja, hy het my spesiaal gebel om my geluk te wens. Dinge tussen my en hom het lekker aangegaan. Ek dink hulle kon sien as iemand in 'n township moes ingestuur geword het, was ek soort van een van hulle... eerste keuses. Omdat ek nie eintlik 'n agenda of 'n, ja, agenda is die verkeerde woord. Ek het nie enige vooroordele gehad nie. As ek met wie ook al wou gesels, hostelbewoners of inwoners van die townships self, het ek dit gedoen. En ek was nie bang vir hulle gewees nie. **Ek het hulle aanvaar as mense wat in 'n moerse probleem sit, in 'n moerse oorlog sit, en ek het dit so gesien.**

...

Was jy skepties oor die jeugdiges en die ANC?

Ja, baie keer, ja. Dis net natuurlik. Die hele situasie in die townships, dit was absoluut chaoties gewees, daar was geen strukture of enigiets, as ek sê daar was 'n oorlog, die Inkatha-ouens, dit het gelyk asof hulle baie meer strategies baie beter beplan het, en so aan. Nou die outjies wat in die townships rondgehardloop het, hulle het maar net probeer verdedig en so aan.

Maar in daai groepe, want dis groot groepe jong outjies wat daar rondloop. Baie van hulle het ek al gesien. Outjies wat my al omring het, en twee duim van my staan die ou met sy spies en vra vir my spel "Madiba" (die bynaam

vir Nelson Mandela) en hy vra vir my waar is my simpatieë, en dit was maar baie tense situasies, **en ek kon sien dat baie van hulle, ja, hulle het net geen absoluut geen, daar was geen struktuur of enigiets vir hulle gewees nie.** Hulle kon die volgende dag dood gewees het, dis so eenvoudig soos dit.

Daar was baie kriminele elemente onder hulle, definitief, maar soveel as wat ek dit sê, ja, 'n mens moet besef, **die hele situasie in 'n township, met die Inkatha-impi's wat op jou afstorm,** dit veroorsaak 'n baie...

Daar is nie tyd om te wonder oor wat is nou die moreel korrekte ding om te doen nie.

Ja, ja, presies. ...

Daar was situasies gewees dat jy nou gedink het hierdie is jou laaste dag, of wat? Of was dit nooit so erg gewees nie?

Wel, daar was op stadions, was dit rof. Soos ek sê, hierdie outjies wat 'n mens omring, dit sou so maklik gewees het vir hulle om my te gelem het, reg daar waar ek gestaan het. (Een aand) in Katlehong was ons vasgekeer. Groot gevegte en ons het toe by die polisiekantoor uitgekom en toe ons wou teruggaan, was al die strate afgeblokkeer, en al die ligte was af en ons het glad nie geweet waar ons is nie, en die outjies, as jy by 'n pad-, 'n blokkade kom, 'n versperring, is daar net niemand nie en **ewe skielik is daar net hierdie groep mense om jou en hulle was baie, baie, baie, en dit het miskien net die verkeerde woord gevat en ons was nie meer daar nie.** Maar oor die algemeen het ek gedink kan ek met die ouens praat.

En toe daarna, wat was die volgende voorval wat

uitgestaan het?

Daar was die voorval, ja, van een dag, toe ons by Pholapark was, is vier ouens in die kamp self doodgeskiet, terwyl ons omtrent vyftig meter van die ingang van die kamp self was. Dit was nou ek en 'n fotograaf, Gavin...

Hoe is hulle dood?

Ja, dis toe nou die ding. Dis sulke groepies ouens wat van die hostel af gekom het. Die plakkerskamp en die hostel was reg teenaan mekaar. Om die hostel is daar omtrent 'n agtvoet-muur gewees. Die hostelinwoners het 'n gat gebreek in die muur en hulle het daardeur geklim en in die kamp inbeweeg en mense sommer net doodgeskiet.

Geskiet met AK-47's.

Nee, dit was met pistole. Dan't hulle weer teruggetrek in die hostel... Ons het binne tien minute na die skietvoorval die gat gekry waar die ouens vandaan gekom het. Daar was toe nog 'n ou met 'n rooi band om sy kop, 'n impi, wat aan die binnekant van die gat gestaan het, wat ons beveel het om weg te gaan. Hy't gesê ons mag nie daar inkom nie en hy was heel duidelik dat hy nie sou skroom om ons te skiet nie ... en toe het ons maar verder in die kamp rondgehoop. ... Dit was omtrent so halfdrie, drie-uur die middag.

Toe't ons weer in Thokoza rondgery, Rooms-Katolieke kerk toe gegaan, algemene goed gedoen, en net gekyk hoe dit in die township self gaan. Toe's ons omtrent vyfuur, halves weer terug na Pholapark toe. Ons het net buite die ingang gestop. **Daar was baie min polisiemanne buite gewees, net twee Casspirs, wat omtrent tweehonderd meter van die ingang geparkeer was, op 'n sokkerveld.**

Terwyl ons daar was het ons weer skote gehoor, omtrent dertig meter van ons, in een van die stegies, ons kon nou obviously nie sien nie, want die plakkerskamp se stegies was maar baie nou.

Toe het ons weer 'n klomp skote gehoor, so sewe of agt. Ons't gewonder of ons moes ingaan, maar teen daai tyd het dit begin donker word en met hierdie ouens wat rondhardloop daar en sommer net skiet, het ons besluit dit sal miskien wyser wees om die polisiemanne te gaan roep. Kar omgedraai, **polisiemanne toe gejaag, die ouens het bo-op die Casspir gelê en soort van gekyk hoe die son ondergaan, en ons het hulle gesê daar is 'n skietery in die kamp en die ou het sy skouer soort van opgehaal en niks gedoen nie, geen poging aangewend om nou die kamp in te gaan of iets nie.**

Ons het vir so 'n oomblikkie gesit en toe het Gavin weer vir hom gevra, wel gaan hy iets doen daaraan, toe het die ou net sy skouers opgehaal en sy kop geknik.

Was hy 'n konstabel gewees?

Nee, dit was 'n sersant. Toe besluit ons, oh, well, hierdie ouens gaan nou nie veel doen nie, toe besluit ons kom ons gaan maar self in. Ons het net die kar omgedraai, toe sien die ou die kameras, of ek weet nie wat hy gedink het nie, ek meen ons is wit outjies wat daar rondry, hy moes onmiddellik besef het ons is van die pers af. Maar in elk geval, toe ons 'n kilometer weg is, toe ewe skielik spring hy op en skree, wag, wag, ons moet hom nou gaan wys. **Toe het ons die belaglike situasie, toe moet ons voor die Casspir die kamp inry om vir die polisiemanne te gaan wys waar die skietery was.**

Hulle kon die skietery net so goed soos julle gehoor het?

Ja, ja, I mean, hulle was 200 meter agter ons gewees. **Vroeër die middag, die voorval waar vier mense doodgeskiet is, was ek omtrent min of meer waar hulle toe geparkeer was en ek het die skote duidelik gehoor. So hulle moes dit gehoor het.** In elk geval toe's ons nou in, toe kry ons iemand, ja, ek dink dit was een of twee ouens, wat in die bors geskiet is, wat daar lê in die stegies. Gavin wou foto's geneem het, en een van die konstabels het hom onmiddellik gekeer. Een van die joernaliste, **iemand van ons het hom gevra, wie dink hulle is dit, hy het soort van gegrinnik en gesê: Dink vir jousef.**

Wat dink jy het hy daarmee bedoel?

Wel, obviously, hy weet dis Inkatha. En dis die hostel.

Hy het gegrinnik?

Ja, ja, soort van, nie gegrinnik nie, maar soort van, ja, so 'n halwe glimlaggie. Alhoewel dis nou moeilik om die uitdrukking behoorlik te beskryf. Maar in elk geval, hy het ons toe weerhou daarvan om foto's te neem, wat baie snaaks was...

Maar dit was ook onwettig. Hy het geen reg gehad...

Ja, hy het geen reg gehad nie en ons het dit vir hom gesê ook, en toe het hy baie... nie aggressief geraak nie, maar soort van... kwaad geraak en die hele tyd voor ons gaan staan sodat ons nou nie foto's kan neem nie.

Hy't julle verhinder in julle werk, in die uitvoering van julle pligte.

(lag). Ja, hy't ons gekeer, om foto's te neem. In elk geval, toe het hy nou ook gesê ons moet nou hier uitkom want dis gevaarlik, ons kan nie hier bly nie, want ouens skiet mekaar.

Maar julle was die ouens wat vir hulle gewys het waar die skietery was.

Ons was die ouens wat hulle gewys het waar die skietery was. In elk geval, toe't ek teruggekom by die kantoor, toe die volgende dag, het ek dit vir Laetitia (my meisie) genoem, en Anton Steenkamp was op daai stadium by, ee, wat is dit, die eee Board of Re... Board of Inquiry into Informal Repression gewerk, en hy het my toe gebel ... **hy het toe net gevra of ek 'n verklaring sal aflê oor hierdie goed wat ek gesien het.**

Voor ons daar kom, toe jy nou daai aand by ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ aankom, wat het gebeur?

Toe't ek 'n berig geskryf, en sover ek onthou het ek in 'n berig gesit van polisie-optrede, volgens my, was nie na wense gewees nie. Obviously moes ek versigtig gewees het, want ek het besef ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ ㄅ gaan dit sny, maar ek moes dit probeer skryf sodat dit nog steeds uitkom dat hulle dit sal inlos, wat 'n netelige sakkie is, want dis nie so maklik om te doen nie.

Wat was jou motivering gewees?

Dis wat ek gesien het.

Jy wou jou werk doen?

Dis wat ek gesien wat gebeur het en myns insiens was dit 'n flagrante voorbeeld van polisie eeemm...

Partydigheid.

Partydigheid, of noem dit wat jy wil.

Ineffectiveness, of wat ookal.

Maar jy het ook gevoel... eem, 'n mens kan dit ook beskryf as voorbedagte ondoeltreffendheid.

Ja, ja. Hulle het geweet wat hulle doen, dit was nie net dat hulle swak dissipline... Dis hoe ek dit gesien het. Die punt is, ek en Gavin het die gat in die muur binne tien minute gekry, vandat ons daar aangekom het. Ons is joernaliste, ons ken nie Pholapark soos die polisiemanne sê hulle Pholapark ken nie. Dis hulle job om die hele plek te ken. ... Hulle ry daaglik daardeur. Ons het die plek binne tien minute gekry. **Die punt is hulle het niemand na die eerste skietery die middag, het hulle niemand by daai (gat) gesit om te probeer verhinder dat mense weer deurkom, en mense doodskiet nie.** Maar as dit nie (*laggie*)... absolute ondoeltreffende, of noem dit wat 'n mens wil, en 'n mens wil dit partydigheid noem. ... OK, toe het ek die berig geskryf, die berig het toe gegaan oor die geweld in die township, in Pholapark, waar ek nou obviously geskryf het oor die skietery vroeër die middag. Toe het ek in 'n paragraaf geskryf van later die middag was daar 'n tweede voorval ...

...

... en toe't ek die verklaring vir Anton Steenkamp gegee. Dit was vir die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, wat dokumente opgestel het oor polisie-partydigheid en polisie-optrede in die townships.

OK, en wat gebeur toe.

Anton het die verklaring geneem, en toe het ek maar

aangegaan, en die geweld het maar aangegaan, ek het my job verder gedoen. Toe so vier weke daarna, kry ek eendag 'n oproep by die huis. Toe's dit 🗨️🗨️🗨️🗨️🗨️🗨️, wat highly die moer in is, en hy vra vir my, die eerste vraag wat hy vir my vra is, en hy was redelik onbeskof, vra hy vir my, het ek 'n verklaring vir die ANC gegee, dit was sy eerste vraag. Toe sê ek nee, ek het nie 'n verklaring vir die ANC gegee nie, want ek het nie.

Toe sê hy in elk geval, ja, ek moet nou onmiddellik inkom, ja, ek moet met hom kom gesels. Toe ek by die kantoor aankom, toe's hy, ja, **hy sê toe ook vir my hy's bitterlik teleurgestel in my...** (lag) en hy vra vir my weet jy watse drama dit veroorsaak het, of wat ookal en bla, bla, bla. **Toe kom dit uit dat blykbaar het die SARK se dokument voor F.W. beland, en F.W. wou toe onmiddellik weet wie is hierdie joernalis?**

F.W. self?

Dis wat ek gehoor het.

By wie het jy gehoor?

Dit was eem, ek is nou nie heeltemal seker of ek dit by 🗨️🗨️🗨️🗨️🗨️🗨️ gehoor het nie en of ek dit maar deur die grapevine gehoor het het nie. In elk geval, blykbaar het dit toe na (Minister van Wet en Orde Adriaan) Vlok toe gegaan en 🗨️🗨️🗨️🗨️🗨️🗨️ (die groep besturende direkteur), Vlok het by hom aanmekeer gesprong. Want dit was blykbaar, maar dis miskien ook grapevine-stories, **blykbaar die eerste keer dat dit gebeur het dat 'n Afrikaanse joernalis van 'n verklaring kan lewer wat moontlik implikasies vir die polisie en bla bla, en so aan.**

Maar in elk geval, ek het my nie veel daaraan gesteur

nie. En dit was toe vir my nog 'n interessante ding wat 📞📞📞📞📞📞 toe vir my sê. Hy't vir my gesê, as jy so sterk daarvoor gevoel het, hoekom het ek dit nie vir die redakteur gaan sê nie, **en dan kon ons dit miskien agter die skerms probeer besleg het.**

Maar dit sou steeds nie gepubliseer word nie.

Ja ... en toe het dit van daar af begin. Die polisie wou my sien, en **hulle wou toe hê ek moes my eie verklaring, want ek het die verklaring aan Anton, oor die telefoon gegee, m.a.w. ek het nie geteken of iets nie...**

Toe's ons na die polisie, toe's ek beveel om eendag na brig. Blikkies Blignaut...

Wat bedoel jy met beveel?

Wel, die nuusredakteur, het my...

...aangesê om...

...aangesê om polisie toe te gaan. Ek het maar gegaan, by Blignaut aangekom, en hy het my so uitgekyk en so 'n rukkie gesels oor soort van, ja, myself voorgestel aan... toe ewe skielik sê Blignaut, het jy 'n tape in jou sak. Baie suspicious (*albei lag*). Wat vir my ook baie interessant was, hoekom sou hy nou gepla wees of ek nou 'n tape in my sak het. **Toe sê ek vir hom nee, en toe maak ek my sakke oop vir hom, toe smile hy net so...**

(Wat het hy jou oor jouself gevra?)

... hy wou 'n bietjie van my agtergrond weet, en ek het gesê Menlopark (Hoërskool, een van die voorste Afrikaanse skole in die land – uitgewer), bla, bla, bla, en ek kon sien, ek kan amper onthou hy het gesê nou hoe het ek in hierdie ding beland,

betekenende hoe kan ek nou 'n verklaring vir die ANC gee. In elk geval, toe't ons gesels en **toe't hy vir my gevra of ek Anton se verklaring sal kom beëedig, en of ek 'n nuwe verklaring sal skryf.** Toe sê ek dat um, wel, Anton se verklaring is soos dit is myns insiens korrek...

Het hy jou gevra of jy dit sal beëedig?

Ja, hy het my gevra, of ek het toe self voorgestel dat ek uit my eie uit my eie verklaring skrywe en dit dan teken, en that's it, en dis dan die einde van die storie. ...

En toe?

Toe't ek gesê ja sekerlik ek sal 'n verklarinkie skryf en toe's ek terug werk toe en **ek het toe my eie verklaring geskryf en geteken en dit vir hulle gevat.** Toe na 'n ruk, ek weet nie hoe lank dit was nie, toe's ek weer ingeroep na ☹☹☹☹☹☹ toe, waar hulle toe vir my gesê het, nee, hierdie keer moet ek saam met 'n assistent-redakteur moet ek nou na die polisie toe gaan, ons gaan nou 'n bietjie tee en koekies drink, saam met die generaal, die generaal gaan ook hierdie keer by wees. Dis nou generaal Ronnie Van der Westhuizen.

Dis die selfde ou wat later afgetree het en later daarvan beskuldig is dat hy deelgeneem het aan 'n cover-up in die Mitchell-saak (waarin 'n polisiekaptein ter dood veroordeel is nadat hy 14 inwoners van die Trust Feed-skema vermoor het en toe die skuld op die United Democratic Front gepak het).

Dis reg, ja. Ek het toe saam met ✓✓✓✓✓✓✓✓ gegaan. Ek glo nie hy't eintlik presies geweet waaroor dit alles gaan nie. Hy was redelik, jy weet, sy hele houding was ag laat hy nou maar net hierdie shit uit die weg kry. ... Daar

aangekom het ons nou daar gesit, die generaal, brigadier Blikkies, een of ander luitenant, ook van polisiehoofkantoor in Pretoria ... **hy het notas geneem die hele tyd.**

En toe ... hulle wou toe vir my sê hoeveel polisiemanne was in die plek gewees en hoeveel polisiemanne het die plek gecovert. ... In elk geval, toe het ons 'n lekker gesprek oor tee en koekies ... Ronnie van der Westhuizen was redelik stil die heelyd, hy het my net stip aangekyk die heelyd... Blikkies Blignaut het weer eens die meeste van die praatwerk gedoen en daar was baie soort van rugklappery-tipe praatjies.

Een interessante ding wat ek wel onthou is dat, **ek dink dit was Van der Westhuizen of Blignaut wat gesê het, ja hierdie ding gaan ons omdraai, betekende hierdie hele episode wil hulle omdraai en tot hulle eie voordeel gebruik.**

Het hy dit voor jou gesê?

Ja.

Dink jy hy het dit gesê omdat hy toe gedink het jy's 'n goeie Boerseun en jy's eintlik aan hulle kant?

Want op daai stadium, OK ek het hierdie knack om maar heel stil en gedweë en what have you daar te sit...

Soos 'n goeie Boerseun?

Ja, soos 'n goeie Boerseun (*lag*), wat ek dink hulle toe 'n bietjie geflous het.

Maar jy het dit nou nie doelbewus gedoen nie. Dis hoe jy grootgemaak is.

Ja, ek meen, wat kan ek nou sê. Hulle wil teen wil en

dank iets doen aan die hele ding, ek het geen saak daarmee nie. Dit is my verklaring en ek het vir hulle gesê dis my verklaring. Ek het geen probleem met wat hulle verder wil doen nie....

So 'n mens kan sê hulle is geflous deur hulle eie tee en koekies?

Ja, ja. In elk geval toe, na 'n rukkie toe het ons almal mooi gesels of wat ookal **toe vra hulle vir my sal ek nou weer 'n verklaring skryf. Toe sê ek maar ja, well...**

Dis toe nou jou derde verklaring.

Ja, dis nou die derde verklaring. Toe sê ek wel, OK sure, laat ek nou nog 'n verklaring skryf, jy weet. Maar hierdie keer het die luitenant, toe's ek en die luitenant na 'n kantoortjie langsaan, terwyl hulle aangaan met hulle tee en koekies, toe's ek en hy langsaan na 'n kantoor toe waar die luitenant toe die verklaring begin skryf.

En ek moes toe nou net daar sit, en nou skryf hy, en dan lees hy vir my voor, en dan vra hy is dit nou korrek, en op daai stadium wou ek nie baklei daarvoor of enigiets nie, op daai stadium het ek geweet ek gaan nie daardie verklaring teken nie. So al wat ek basies wou gedoen het was om daar uit te kom. Ek wou nie meer daar sit nie en tande tel nie. **In elk geval, toe skryf hy die verklaring en toe hy dit klaar geskryf het toe sê ek vir hom, nee, wel, ek wil dit nou eers vir my regsverteenvoerder vat.**

Toe kyk die ou my met sulke groot oë aan, waar kom ek nou vandaan, dis nou die eerste keer dat ek dit noem, dat ek 'n regsverteenvoerder wil spreek. In elk geval, toe's hy redelik ontsteld, maar toe besef hy hy kan nou niks daaraan doen nie, toe's hy ook baie inskiklik en sê nee, nee,

dis jou volle reg om 'n regsverteenwoordiger te spreek, en so aan, maar hy wou eintlik vir my sê dink jy nou dis regtig nodig.

Maar, uum, **die verklaring was baie duidelik gemik daarop om later as daar 'n ondersoek of as dit in 'n hof gekom het wou hulle my in 'n hoek gedryf het...**

...om die een verklaring teen die ander af te speel.

Ja, ja, en ek het dit darem gesien, en dis toe dat ek vir hom sê, nee ek wil nie nou teken nie...

Hoekom sê jy so?

Dat hulle die verklarings teen mekaar wou afspeel? Want toe ons in die kantoor gesit het, het baie baie van die gesprek gegaan oor die bewoording van die verklaring. Hulle het baie, baie aandag gegee aan die bewoording van die verklaring wat ek geskryf het, en...

Nie aan die feite nie, maar die bewoording.

Ja, nie die feite nie, die feite was soort van bysaak, dit het alles gegaan oor die bewoording. ...

Later het ek toe nie die verklaring geteken nie. En hulle het op my gesit, Blikkies Blignaut het my soort van elke dag aan die begin gebel en **my gevra waar is die verklaring en ek het maar net gesê ek het nog nie my regsverteenwoordiger gesien nie.** Dit was 'n bietjie, ja, stout van my, ek moes toe sommer toe al vir hulle gesê het, nee, well, sorry, maar om een of ander, noem dit wat jy wil, perverse rede het ek hulle langer aan 'n toutjie gehou. **In elk geval, ek het die verklaring toe nooit geteken nie, en ek het toe nooit weer iets van hulle gehoor nie.**

En sê my, het hulle in enige stadium probeer om die mense

wat saam met jou was te ondervra?

Ek het hulle name en alles in die verklaring gesit. Tot vandag is nie een van die twee, en ek werk vandag saam met Raphael Banda, ek sien hom elke dag, en hy is nog nooit genader nie, en Gavin bly langs my, en hy is ook nog nooit genader nie. **So dis heel definitief dat hulle geen poging aangewend het om nou werklik agter wat daar gebeur het, te kom nie. En ek het ook vir hulle gevra, toe het die ou vir my gesê nee, hulle sal nog later, sal hulle by hulle uitkom.**

En terwyl hulle nog gewag het dat jy jou verklaring teken, het (Adriaan) Vlok (Minister van Wet en Orde) sy verklaring gemaak waarin hy gesê het geeneen van die gevalle wat Anton-hulle genoem het, was waar gewees nie.

Ja, daar was, Vlok het maar weer met een van sy... heavy toesprake gekom en gesê dit is alles propaganda teen die Suid-Afrikaanse polisie...

En wat gebeur toe by ㄹㄹㄹㄹㄹㄹ ?

Van toe af het dinge by ㄹㄹㄹㄹㄹㄹ drasties verander. In daai stadium was ons merietebeoordelings ook in, en al hierdie dinge het gebeur nou net voor die verhogings gekom het. En ㄹㄹㄹㄹㄹㄹ het gedreig ook op 'n stadium om die redakteur te gaan vra om my verhoging terug te trek, want ek het toe blykbaar 'n A, of wat ookal, merieteverhoging gekry, wat nou die hoogste is wat jy kan kry. Op die aanslag het hy ook gesê ja ek is een van sy sterker joernaliste, ek het baie goed gedoen, bla, bla, bla. Binne twee maande het dinge verander, hy wou my verhoging terugtrek, en dit het al hoe duideliker geraak dat hy nie meer omgee wat ek doen nie...

...

NOTA VAN UITGEWER: **Die Wolraad Woltemade-medalje vir dapperheid is toe nooit aan Francois Pienaar toegeken nie.** (Wolraad Woltemade was 'n Kaapse melkboer wat in 1773 telkens die see met sy perd ingery het om 14 skipbreukelinge van De Jonge Thomas te red. Hy het self omgekom.)